*Communicare 9(2):63 – 69*

# Op soek na'n Mediabestel vir Suid-Afrika: 'n Voorlopige antwoord aan Keyan Tomaselli

**A S de Beer**

***COMMUNICARE* encourages the scientific debate. Our last contribution is published in response to the article of Tomaselli & Louw in 9(1), who questioned some of the predictions regarding post-apartheid media in an earlier article by the author published in 8(1). These are his replies ...**

**Prof Keyan Tomaselli, Director of the Cultural Studies Unit at the University of Natal (Durban), is without doubt one of most prolific writers in the field of South African media and communication studies. This is not a matter of contention; what is at stake in this review article is the way in which Tomaselli deals with statements and facts in his publications. It is argued that Tomaselli is prone to state a debatable point as a "scientific fact" and then proceeds to build a whole theoretical argument on this and similar "facts". It is further argued that his article: *'Vrye Weekblad' and post-apartheid mania; what to do with the press?* is a case in point.**



*Prof. Arrie de Beer is Hoof van die Departement Kommunikasiekunde aan die Potchefstroomse Universiteit vir CHO. Hierdie artikel is 'n respons op die artikel van Tomaselli en Louw wat in Volume 9(1) gepubliseer is.*

## INLEIDING

Prof Keyan Tomaselli moet (ook saam met sy kollegas soos Eric Louw) seker as van dié mees *prolifieke* outeurs op die Suid-Afrikaanse terrein van die media- en kommunikasiewetenskappe beskou word. Daarvan getuig sy omvangryke en uitgebreide publikasielys wat oor etlike bladsye strek.

Die term *prolifiek* verwys ondermeer na oorvloedigheid én vrugbaarheid. Dat Tomaselli in oormaat voldoen aan die eerste kenmerk, is daar vir elkeen wat maar hoegenaamd in die Suid-Afrikaanse komunikasievakgebied sy of haar tande geslyp het, meer as voldoende bewys voor te vind. Oor die vraag in hoe 'n mate dié oorvloedige publikasiebydraes vrugbaar (vir die vakgebied) is, is 'n saak wat 'n afsonderlike studie en besinning verdien.



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2010).

Waaroor dit egter hier gaan, is die wyse waarop Tomaselli (wat vir hierdie bespreking Louw ook insluit) met feite, of die gebrek daaraan, en met stellings omgaan. Wat oor die algemeen in die werk van Tomaselli opval (en ek meen 'n toekomstige analise van sy werk sal dit kan substansieer), is dat hy 'n aanvegbare stelling sonder enige bewysgrond vanuit sy eie verwysingsraamwerk met 'n oënskynlik akademies-aanvaarbare pretensie as 'n "wetenskaplike feit" staanmaak en dan daaromheen 'n hele argument onder die dekmantel van 'n kritiese en/of radikale analise bou.

Tomaselli se artikel onder die titel: *'Vrye Weekblad' and post-apartheid mania: what to do with the press*? (*Communicare*, 1990; 9(1):87-92), is myns insiens 'n toepaslike voorbeeld van bogenoemde standpunt.

Dit is tipies van Tomaselli (en ek meen weer 'n toekomstige analise van sy werk sal dit kan substansieer) dat hy so in sy eie voorwetenskaplike vooroordele vasgevang is, dat hy uiters selektief lees en toepas. Enkele aspekte uit sy jongste *Communicare*-artikel (Tomaselli, 1990) is voorbeelde hiervan, byvoorbeeld sy siening oor die gebruik van die mediamodel van Siebert, Peterson & Schramm (1956) en sy siening oor die rol van die Mass Democratic Movement met betrekking tot die mediawese in Suid-Afrika.

## WETENSKAPLIKE ANALISE

Dit is uiteraard Tomaselli (1990:87) se goeie akademiese reg om kritiek uit te spreek op artikels waarin hy 'n gebrek aan (wetenskaplike?) "subtiliteit" of 'n mindere of meerdere mate van wanbegrip bespeur. Maar, op grond waarvan beweer hy dat skrywers wat volgens hom aan hierdie mistastinge skuldig is, ook 'n onwilligheid toon "to engage with the movements, out of which theories about post-apartheid structures are emerging" (1990:87)? En, selfs al sou dit waar wees, wat behels "engage" vir die doeleindes van 'n wetenskaplike analise?

Teen die agtergrond dat Tomaselli (1990) skynbaar self oor hierdie besondere vorm van "engagement" beskik, kritiseer hy dan my gebruik, (De Beer, 1989) van die bekende vierledige persmodel van Siebert e.a. (1956).

Om welke redes behoort 'n navorser in die jare '90 dan volgens Tomaselli (1990) nie die Siebert-model te gebruik nie? Op tipies Tomaselliaanse wyse word geen gesagsbron aangegee of deur 'n proses van logiese deduksie aangetoon waarom hierdie model nie op Suid-Afrika van toepassing kan wees nie. Nee, die leser moet bloot die gesag van Tomaselli se woord aanvaar dat:

(a) die model nie voorsiening maak vir ander nie-tradisionele mediavorme buite die vier voorgestelde Siebert-vorms nie (selfs nie in 'n aangepaste vorm nie — 'n punt wat Tomaselli ignoreer en waarna hieronder verwys word); en
(b) dat navorsers wat die model toepas, as ek Tomaselli (1990:88) reg lees, diegene wat dit nie doen nie, as "deviant" of "just plain crazy" beskou. Tomaselli gee te kenne hy gebruik nie die Siebert-model nie (sien egter later) en ek sou graag 'n bron wou sien wat dan na hom, sy publikasies of 'n soortgelyke navorser en sy/haar publikasies as "crazy" verwys.

Tomaselli (1990:88) werp ook 'n hele beswaar op omdat ek die Mass Democratic Movement (MDM) ignoreer en beweer dan (so wil dit voorkom) dat ek 'n toekomstige mediabestel met mag en geweld in die vierledige beperkinge van Siebert e.a. se outoritêre, libertynse, sosiale verantwoordelikheids- en Sowjet-Kommunistiese struktuur wil inforseer.

Net so min as wat die mediatoekomsperspektiewe van regse groepe soos die



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2010).

AWB vir die doel van my artikel in ag geneem is, is die "demokratiese" sienswyses van die links-radikale groepe behandel. Wat my artikel primêr in die oog gehad het, was om op teoretiese wyse te argumenteer dat die politieke bestel in *funksionele* sin 'n direkte effek op die aard en samestelling van die mediasisteem van 'n post-apartheid-Suid-Afrika (soos tewens op elke ander sosiale sisteem) sal hê.

Wat Tomaselli (1990:87-88) gerieflikheidshalwe verswyg, is dat ek in bogenoemde analise nie nét die vier standaard-voorbeelde (soos hy te kenne gee) van Siebert e.a. (1956) bespreek nie, maar ook McQuail (1983) se uitbreiding op die model met sy toevoeging van die "developmental system".

Eerder as om te verswyg wat ek wel geskryf het en om bronne wat ek gebruik op eg Toomaselliaanse (en uiters onwetenskaplike) wyse verdag te maak (vergelyk byvoorbeeld sy verwysing na "... the great labour relations guru of big English-dominated capital" op p 88), sou die akademiese gesprek wat Tomselli (1990:88) voorstel, myns insiens besonder vrugbaar kon wees as hy byvoorbeeld die volgende sake aanspreek wat in my artikel wel aan die orde gestel is, wat Tomaselli self aansny en wat sedert die verskyning van die betrokke twee artikels (De Beer, 1989; Tomaselli, 1990) sterker na vore gekom het:

> Gegee die geskiedenis van mediastelsels in Afrika en die mediabeleid en -optrede van bepaalde "demokratiese" bewegings in Suid-Afrika in die jongste tyd, sou dit nuttig wees om te verneem waarom Tomaselli byvoorbeeld meen dat die huidige "struggle" van bepaalde "demokratiese" bewegings teen bogenoemde agtergrond tot 'n demokratiese mediastelsel (Tomaselli, 1990:88,92) in 'n post-apartheid Suid-Afrika sal lei (of 'n sosiale verantwoordelikheidstelsel om Siebert e.a. se term te gebruik)?

Tomaselli sou bogenoemde vraag byvoorbeeld kon bespreek aan die hand van sekere "demokratiese" organisasies se optrede in die jongste tyd teenoor die media, byvoorbeeld die eis dat joernaliste eers in die "struggle" moet "engage" voor hulle toegelaat word om daaroor verslag te doen. (Is dit dalk ook wat Tomaselli (1990:87) met akademiese "engagement" bedoel?) Of dat nuusberigte eers aan sekere "democratic" komitees voorgelê moet word voor hule geplaas mag word. Of dat verslaggewers eers by sodanige komitees moet uitklaar hoeveel mense 'n vergadering in die swart gebiede, vir of teen die "struggle", bygewoon het. Of die wyse waarop verslaggewers met dreigemente van "halssnoermoorde" geïntimideer word. Of oor die gewelddadige wyse waarop "demokratiese" groepe 'n koerant wat hulle nie aanstaan nie, die sirkulasiestryd aansê (vergelyk byvoorbeeld die artikels van Konigkramer, 1990 en Mazwai, 1990 in die komende uitgawe van *Ecquid Novi*, 11(2), asook my referaat oor dié tema voor die 1990-Sakommkongres).

Kortom, vir die akademiese gesprek sou dit besonder vrugbaar wees indien Tomaselli kan aantoon waar hy bogenoemde en soortgelyke aksies uit die "demokratiese beweging" en "demokratiese prosesse" (wat hy so hoog aanslaan, vergelyk 1990:88) sou plaas as voorbeelde vir die ontwikkeling van 'n post-apartheid "demokratiese mediastruktuur" wat hy in terme van sy analise voorsien (Tomaselli, 1990:92).

Die voortsetting van die gesprek hoef egter nie op twee teenoorstaande spore te loop nie. Nadat Tomaselli (1990:88) die Siebert-persmodel effektief as totaal irrelevant afgeskryf het, is die ironie dat hy juis op die spoor van dié model, of minstens soortgelyk daaraan, die outoritêre en die (kommersieel-)libertynse sieninge van die pers vir 'n post-apartheid Suid-Afrika uitskakel en dan by 'n gesub-



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2010).

sidieerde pers (Tomaselli, 1990:92) uitkom wat niks anders as 'n ontwikkelende sosiale- en perssisteem is nie. Of dan wel, 'n "developmental media system" vir 'n post-apartheid-Suid-Afrika soos ek in my artikel aangetoon het (1989:35-36).

Toegegee, Tomaselli (1990) gebruik nie werklik die Siebert-model in die tradisionele sin nie. Hy verwys byvoorbeeld glad nie na die Kommunistiese persstelsel, die aard en die invloed daarvan op persvryheid nie. Dit bied geleentheid vir 'n interessante navorsingsvraag. Sou 'n rede vir die betrokke weglating dalk geleë wees in die noue bande wat die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party met bepaalde "demokratiese" vryheidsbewegings, hul media-beleid en -optrede het?

Daar moet ook toegegee word dat Tomaselli wel daarna verwys dat "sosiaal-demokratiese koerante" druk van sekere elemente van die Suid-Afrikaanse linkse groepering te wagte kan wees wat "accountability" teenoor die "Movement" vereis. So is Tomaselli ook daarvan bewus dat die *Weekly Mail* volgens sekere kritici "gedissiplineer" moet word omdat die koerant homself nie duidelik "accountable" aan "demokratiese strukture" gemaak het nie. As deel van die Suid-Afrikaanse "Left" skryf (Tomaselli, 1990:91) dan onder meer dat sekere vrae nog oor bogenoemde aspekte gevra moet word en dat daar oor die hele kwessie van "accountability" tans in die progressiewe media gedebatteer word.

Dit is met opwinding en afwagting dat die leser Tomaselli (1990:91) se voorstelle aan die hand van Habermas van nader beskou oor hoe die probleme van die "Left" oor druk en aandrang op "accountability" deur die media aan die "Movement" in die toekoms opgelos (*resolve*) moet word. Tomaselli se antwoord? Takel apartheid deur die "debunking of apartheid structures" en deur die mobilisering van demokratiese opposisie teen apartheid.

Wat Tomaselli dus effektief onder die vaandel van akademiese denke en navorsing sê, is: Hanteer die probleem van ondemokratiese optrede van die linkse "Democratic Movement" deur die aandag en klem na die voorstanders van apartheid-strukture (wat Tomaselli nie spesifiseer nie) te verskuif en val hulle dan aan. In terme van die konsep van strukturele geweld (vergelyk byvoorbeeld Kotzé, 1984:46), kan uiteraard steeds geargumenteer word dat apartheidstrukture wat in die weg van 'n ware demokratiseringsproses staan, teengewerk moet word, maar moet die leser aanvaar dat bogenoemde hantering van linkse druk werklik Tomaselli se ernstige en deurdagte akademiese bedoeling is? Op dieselfde wyse sê Tomaselli (1990:91) moet die Arikaanse pers sy etniese aannames, outoritêre (*sic*) praktyke en politieke doelwitte heroorweeg. Die logiese navorsingsteenvraag is: Geld dit volgens Tomaselli ook vir die MDM vir wie die "blind endorsement of violently enforced minority interests" volgens hom onaanvaarbaar is (vergelyk byvoorbeeld weer die artikels van Konigkramer, 1990 en Mazwai, 1990).

## STELLINGS

Aan die begin van hierdie kommentaar-artikel is gesê Tomaselli volg die metode om 'n aanvegbare (heel dikwels totaal ongesubstansieerde) stelling te maak of aannames as skynbare feite te stel en dan 'n hele argument daarom heen te bou. Ter afsluitng word nog enkele voorbeelde van hierdie metode in sy jongste *Communicare*-artikel aangetoon wat ook verband hou met die voorafgaande bespreking.

Feit/stelling nr I: *Die regsreekse historiese verband tussen die Afrikaanse pers en (Suid-Afrikaanse) premiers maak*



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2010).

*die bestaan van Vrye Weekblad "close to an act of treason"* (Tomaselli, 1990:88).

Waar Tomaselli aan hierdie besondere inligting/stelling kom, dui hy nie eksplisiet aan nie. Dit is moontlik dat die redakteur van die betrokke koerant, Max du Preez, die bron kan wees. Met Tomaselli se metode van omgaan met bronne, is dit egter nie baie duidelik nie. Wat die grond vir die stelling is, word nêrens aangedui nie. Die onbevange Suid-Afrikaanse leser mag moontlik ook dink dit is 'n grap of dalk 'n sinies-sarkastiese opmerking wat binne die konteks van die res van die artikel gelees moet word. Die vraag is egter: sal hierdie besondere stukkie Tomaselliaanse Africana nie later in 'n buitelandse vakartikel in die vorm van 'n "gesaghebbende" bronverwysing opduik nie?

Feit/stelling nr 2: *"Many (baie, heel party, menige) Suid-Afrikaanse premiers is ook vorige redakteurs* (Tomaselli, 1990:88).

'n Deel van die argument rondom feit/stelling nr 1 word opgebou deur die "feit" dat baie (*many*) Suid-Afrikaanse premiers ook redakteurs was. Volgens alle voor-die-hand-liggende bronne (vergelyk byvoorbeeld die *Standard Encyclopaedia of Southern Africa* en ook die *Ensiklopedie van die Wêreld*) was slegs enkele of 'n paar (*a few*), naamlik twee van Suid-Afrika se agt premiers, ook redakteurs (D F Malan van *Die Burger* en H F Verwoerd van *Die Transvaler*). Die verskil tussen *a few* en *many* lyk dalk op die oog af na 'n mindere saak, maar dit is juis dié soort omgang met feite wat vir die leser probleme met Tomaselli se navorsingstyl besorg.

Feit/stelling nr 3: *Die Afrikaanse pers ... "shield(s) Afrikaners from the realities of South Africa" wat hulle dan met 'n extremely narrow media constructed world view laat* (Toaselli, 1990:89-91).

Dit is nie duidelik of bogenoemde Tomaselli se eie siening of dié van Du Preez of dalk albei syne is nie. Op grond waarvan die stellings gemaak word, is egter hoegenaamd nie duidelik nie. Word na die Afrikaanse pers in die huidige of jongste verlede verwys, of na twintigdertig jaar gelede? (Sien Feit/stelling nr 4).

Is die aanname dat Afrikaners net (outoritêre) Afrikaanse koerante lees en hul enigste ander media-inligting van die SAUK kom en dat hul mediawerklikheid gevolglik net deur die twee instansies gevorm word? Wat laasgenoemde betref, sal selfs die mees oppervlakkige opname uit byvoorbeeld AMPS-verslae die absolute onsinnigheid van die stelling aantoon (vergelyk byvoorbeeld ook Stewart, Marais & De Beer, 1985:74), want ongeag of Tomaselli se aanname oor die Afrikaanse koerante korrek is of nie, lees 'n baie groot persentasie Afrikaners ook Engelstalige koerante en ander publikasies wat hul visie enigsins behoort te verbreed.

Feit/stelling nr 4: ... *(the Afrikaans press) never criticised apartheid itself* (Tomaselli, 1990:90).

Weer is dit nie duidelik of dit Tomaselli/Du Preez of net eersgeneoemde is wat hier aan die woord is nie. Elders maak Du Preez 'n soortgelyke stelling in 'n resensie met betrekking tot die redakteurskap van P J Cillié (*Vrye Weekblad*, 1990.09.14) Soos 'n objektiewe waarnemer waarskynlik sou kon beweer dat Tomaselli, om relevant te bly, sy wetenskaplike hantering van die apartheidsideologie en die invloed daarvan op toekomstige mediakwessies binne die konteks van die post-2 Februarie 1990-periode sal moet plaas, lyk dit ook noodsaaklik dat sy denke oor die nou reeds taamlik wyd geboekstaafde "ontvoogding" van die Afrikaanse pers (vergelyk byvoorbeeld Van Deventer, 1989 en Vosloo, 1989) ook 'n tyds- en evalueringsverskuiwing sal moet ondergaan. 'n Betreklik kursoriese oorsig van



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2010).

Afrikaanse persberigte oor apartheid van die afgelope tyd in die knipseldiens van die Instituut vir Eietydse Geskiedenis in Bloemfontein behoort selfs vir die mees "geslote" navorser op die onbehoudbaarheid van bogenoemde stelling te dui.

## SLOTOPMERKING

In bogenoemde bespreking is die kwessie nie dat Tomaselli (1990:91) vanuit 'n bepaalde gesigshoek oor die media skryf nie ("... we on the Left may find ourselves ... etc"). Sy oud-kollega van die Universiteit van die Witwatersrand stel dit byvoorbeeld nog duideliker wanneer hy prontuit in dieselfde uitgawe van *Communicare* skryf dat sy navorsing oor die SATV "... along the lines of the Freedom Charter" is (Van Zyl, 1990:68). Soos 'n nieu-Marxistiese antropoloog Scholte (1986:154) hierdie kwessie duidelik aan die hand van Kuhn en O'Neill stel: *... all knowledge about man, including scientific knowledge, presupposes some metaphysical [and socio-historical] position on the relation between human facticity, knowledge and values.*

So ook is byvoorbeeld 'n Christelik-wetenskaplike voorwetenskaplike standpuntinname in die Suid-Afrikaanse kommuniksiewetenskap nie iets nuuts nie (vergelyk byvoorbeeld Snyman, 1990) en sou dit dus nie vreemd wees as Tomaselli aan die hand van 'n radikale en/of linkse premise argumenteer nie.

Wat egter op die tafel is, is die vraag of Tomaselli se hantering van feite en stellings altyd die strawwe maatstaf van wetenskaplike toetsing kan deurstaan. Te oordeel aan die bostaande kursoriese aantekeninge wil dit voorkom of dit wel 'n vraag is wat verdere ontleding verdien, al stel Tomaselli (1990:87) dat die betrokke artikel wat hier bespreek is nie gebaseer is op empiries-kwantitatiewe navorsing nie, maar as 'n kritiese analise aangebied is.

As voetnoot moet ek byvoeg dat die vriendelike woorde wat Tomaselli (1990:88) my in sy artikel toevoeg, nie met ondankbaarheid by my verbygegaan het nie. Die eer waarmee hy my bekroon omdat ek die eerste is om die begrip *post-apartheid* in *Communicare* te gebruik, sal ek egter vir 'n wyle eenkant laat totdat wetenskaplike ontleding van alle artikels in die betrokke tydskrif getoon het dat ek inderdaad op die onderskeiding geregtig is.

Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2010).

## BRONVERWYSINGS


De Beer, A S (1989) The press in post-apartheid South Africa: a functional analysis, in **Communicare 8(1):29-39**.

De Beer, A S (1990) **Die media en terrorisme: 'n voorlopige verkenning van 'n aantal alternatiewe sienings van geweld in konflikgebiede**. Referaat gelewer voor die 14de Jaarkongres van die Suider-Afrikaanse Kommunikasievereniging. Pretoria: RGN-gebou, 1990-09-06.

Konigkramer, A J (1990) Notes on the intimidation campaign against ILLANGA. To be published in **Ecquid Novi, 11(2)**.

Kotzé, D A (1984) **Pleeg ons politieke geweld**? Kaapstad: Human & Rousseau.

McQuail, D (1983) **Mass communication theory. London: Sage**.

Mazwai, T (1990) Media for the masses. To be published in **Ecquid Novi, 11(2)**.

Scholte, B (1986) Critical anthropology since its reinvention. In: Kahn, J S & J R Llobera, 1986: **The anthropology of pre-capitalist societies**. London: Macmillan. Pp 148-184.

Siebert, F S, T B Peterson & W Schramm (1956) **Four theories of the press**. Urbana: University of Illinois Press.

Stewart, G M, H C Marais & A S De Beer (1985) Toegang tot die media in Suid-Afrika. In: Marais, H C e.a., 1985: **Kommunikasie in 'n verdeelde samelewing**. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskap' like Navorsing. Pp 57-76.

Tomaselli, K & Louw, E (1990) 'Vrye Weekblad' and post-apartheid mania: what to do with the press? In **Communicare, 9(1)87-92**.

Van Deventer, H J (1989) South Africa: controlling the news. In **Ecquid Novi, 10(1&2):204-213**.

Van Zyl, J (1990) Pre-election coverage by SABC-TV of the 1989 General Election. A case study in news construction. In **Communicare, 9(1):68-77**.

Vosloo, T (1989) The press as watchdog of corruption. In **Ecquid Novi, 10(1&2):198-203**.


Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2010).